20.2 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE TOEPASSING VAN KERKORDE, ARTIKEL 66 (Art 97)

A. Die Rapport word as gestel beskou.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

Opdrag tot ‘n dag van verootmoediging kom voor in die Woord van die Here en word nader aangedui in KO, art 66 KO. Daarmee saam is ‘n omvattende Rapport met beginselriglyne vir so ‘n dag tydens die Sinode van 2009 (Acta 2009:343-349) aanvaar.

Besluit: Kennis geneem.

2. Werkswyse

2.1 Die Sinode het die taak om dae van verootmoediging te reël aan Klassis Potchefstroom opgedra.

Besluit: Kennis geneem.

3. Uitvoering

3.1 Na aanleiding van ‘n versoek van die Gereformeerde Kerk Bellville is die versoek tydens die vergadering van Klassis Potchefstroom op 21 Mei 2013 ter tafel geneem.

3.2 Klassis Potchefstroom besluit dat daar noodsaak vir so ‘n Dag van Verootmoediging is en dra dit aan die Korresponderende Kerkraad op om ‘n bepaalde dag daarvoor te reël.

3.3 Die Korresponderende Kerkraad roep al die Kerke in Algemene Sinode byeen op om op Sondag 15 September 2013 só ‘n dag ter verootmoediging te hou.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 kennis geneem.

4. Aanbeveling

4.1 Daar weer Deputate aangewys word.

Besluit: Goedgekeur.